**Maandag 15 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 7:6 – 8:4**
**Fokusgedeelte: Hooglied 7:10**
**Die liggaamseenheid van geliefdes**

Hierdie gedeelte van die boek Hooglied beskryf sekerlik die intiemste uiting van die emosionele en liggaamlike uiting van die liefde. Die derde bewonderingslied van die Hooglied (6:13 – 7:5) loop uit op ’n hoogtepunt. Die beminde vergelyk sy vriendin met ’n slanke dadelpalm, haar borste soos druiwetrosse (die woord Tamar beteken dadelpalm). Die beminde begeer om op die dadelpalm te klim en die borste van sy geliefde te streel. Wanneer sy hom soen, is die geur van haar asem soos die reuk van appels en die smaak van goeie wyn. Hierdie voorreg van liggaamlike liefdesuiting is vir niemand anders beskore nie – net vir hom. Sy behoort net aan hom en hy smag net na haar. Dit is so lieflik, maar absoluut eksklusief.

Dit is opvallend dat vers 10 sê dat die man se begeerte na die vrou is. Genesis 3:16 en 4:7 sê die vrou se begeerte sal na haar man wees. Daar het dus ’n *wedersydse smagting* van geliefdes na mekaar gekom. Die man smag na haar, en sy liefdesbegeerte na haar is vir haar ’n vreugde! Sy kan nou die inisiatief neem in die geliefdes se seksuele verhouding. Sy nooi haar geliefde om te kom deel in die lente van die liefde: Kom, man wat ek liefhet. In die skoonheid van die lente sal sy haar liefde, haar liefkosings, haar omhelsing gee. Lentevrugte: wingerde, granaatbome, geurige liefdesappels en vrugte, vars en oud, sal sy net vir haar geliefde bêre. Dit is vir ’n getroude mens ’n wonderlike ervaring om te weet dat jy die enigste persoon is wat daardie liefdesvrugte mag geniet. Net vir jou en jou geliefde alleen!

In die samelewing word die seksuele uitlewing op soveel wyses, eerbaar maar dikwels sondige wyses, uitgebeeld. Die intieme beskrywing van die liggaamlike liefdesuiting in Hooglied is heilig en so eerlik. Ek is my beminde s’n, en sy begeerte is na my.

*Sing Psalm 133-1:1,2*

*Ds. NJ van der Walt (Nic) (emeritus)*